higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

NYWERHEIDSORGANISASIE EN -BEPLANNING N3

7 AUGUSTUS 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Is die deel van die kantoororganisasie wat bestaan uit die toedeling van klerklike aktiwiteite aan die kantoorpersoneel✓ en die prosedures en metodes✓ om hierdie klerklike aktiwiteite effektief uit te voer.✓ (3 × 1) (3)

1.1.2 Banke kan op versoek van hulle kliënte✓ die oordrag van fondse tussen een punt en 'n ander een reël.✓ By betaling van 'n kommissie word die fondse oorgeplaas na die punt wat as krediet vir die rekening van 'n aangewese persoon aangedui is.✓ (3 × 1) (3)

1..1.3 Dit kan omskryf word as 'n self-afhanklike onderwerp (eenheid)✓ wat poog om 'n wins te verkry uit kapitaal wat deur meer of minder✓ individue✓ belê is wat deurlopend dienste of goedere aanbied en die betrokke kapitaalrisiko neem in afwagting van die aanvraag. (3 × 1) (3)

1.1.4 Kliënte van 'n bank gee, op die voorgeskrewe vorm, instruksies aan die bank om 'n sekere bedrag periodiek aan 'n aangewese persoon te betaal.✓ Die diens word gebruik vir die betaling van herhaalde periodieke betalings✓ soos versekeringspremies en huurkooppaaiemente.✓ (3 × 1) (3)

1.1.5 Dit vind plaas buite die werksplek, maar gewoonlik tydens werkstyd.✓ Dit sluit formele kursusse✓ en die bywoning van konferensies en seminare in, wat die geleentheid bied vir leer en vir blootstelling aan ander mense en organisasies wat op dieselfde terrein werk.✓ (3 × 1) (3)

1.1.6 Dit is 'n groot vertrek wat gedeel word deur verskillende departemente✓ of seksies van 'n departement✓ in plaas daarvan dat elke departement of seksie in aparte vertrekke werk.✓ (3 × 1) (3)

1.1.7 'n Maatskappy is 'n assossiasie van persone wat vir die doel van wins✓ gestig is en wat 'n gemeenskaplike kapitaalbydrae deur die lede besit wat in aandele✓ verdeel is waarvan elke lid een of meer besit.✓ (3 × 1) (3)

[21]

VRAAG 2

2.1 2.1.1 'n Entrepreneur wat op eie risiko 'n besigheid dra✓ en 'n wins kan maak✓ of verliese kan ly✓ uit die besigheid. (3)

2.1.2 Minstens twee, maar nie meer as twintig, mense✓ wat kontraktueel daartoe verbind is✓ om gesamentlik tot 'n onderneming by te dra om in 'n ooreengekome verhouding winste te maak.✓ (3)

2.2
- 'n Kontraktuele verhouding, mondeling of in geskrewe vorm, word geskep tussen lede.
- Elke lid het 'n verpligting in die vorm van arbeidskapitaal.
- Daar is 'n winsmotief.
- Dit is geen regspersoonlikheid nie.
- Elke lid betaal 'n sekere bedrag geld in die onderneming in, of dra goedere of spesiale vaardighede tot die onderneming by. (Enige 4 × 1) (4)

2.3
- Aard van die firma
- Name, addresse en status van vennote
- Doel van vennootskap
- Hoeveelheid kapitaalbydrae
- Verspreiding van winste en verliese
- Trekkings
- Rente op kapitaal en trekkings
- Omvang en duur van vennootskap
- Hou van rekords en ouditering
- Prosedure vir die toelating van 'n nuwe vennoot
- Proses van ontbinding (Enige 8 × 1) (8)

2.4
- Algemene vennote
- Anonieme vennote (Stille vennoot)
- 'Communitarian' vennote
- Spesiale of beperkte vennote
- Senior en junior vennote (Enige 4 ×1) (4)

[22]

VRAAG 3

3.1
- Die datum waarop die item aangekoop is
- Die naam van die verkoper
- 'n Beskrywing van die iterm
- Die kontrolenommer ('check number') van betalings
- Die kostebedrag van die aankoop, insluitend belasting (5)

3.2
- Verseker 'n produk van goeie gehalte
- Dien as basis vir aansporingsbonusse
- Verminder produksiekoste
- Elimineer swak produkte
- Lei tot verbeterde produkontwerp
- Bevorder produkverkope (Enige 5 × 1) (5)

3.3
- Grondstofkoste
- Produksiekoste
- Arbeidskoste
- Bokoste (4)

3.4
- Altwee partye moet saamstem
- Die partye moet kwalifiseer ('be eligible')
- Regsformaliteite moet nagekom word
- Uitvoering moet moontlik wees by die sluit van die kontrak
- Die kontrak of uitvoering daarvan moet wettig wees
- Die uitvoering moet bepaal word of bepaalbaar wees (6)

[20]

VRAAG 4

4.1 **Positiewe wanprestasie**✓
Dit kom voor wanneer daar uitvoering ('performance') is, maar die inhoud of gehalte van die uitvoering nie ooreenkomstig die kontrakvoorwaardes is nie.✓

Onmoontlikheid van uitvoering✓
Die soort breuk kan plaasvind voor of na die datum waarop die uitvoering veronderstel is om plaas te vind. Daar is normaalweg aanspreeklikheid aan die kant van die krediteur of debiteur.✓

Repudiasie✓
Dit vind plaas waar 'n party tot 'n ooreenkoms sy/haar bedoeling dat hulle nie langer deur die ooreenkoms gebind wil wees nie, aan die ander party kommunikeer. Dit kan verbaal of deur optrede plaasvind.✓

Vertraging deur die debiteur (Mora Debitoris) ✓
Dit vind plaas waar die debiteur versuim om betyds uitvoering te gee ooreenkomstig die ooreenkoms. Uitvoering moet steeds moontlik wees en die vertraging moet wees as gevolg van 'n fout deur die debiteur.✓

Vertraging deur die krediteur (Mora Creditoris) ✓
Dit is waar die krediteur in gebreke bly om die uitvoering deur die debiteur te aanvaar. Soos by 'Mora Debitoris', moet uitvoering steeds moontlik wees en die vertraging moet wees as gevolg van 'n fout deur die krediteur.✓

(Enige 4 × 2) (8)

4.2 4.2.1

- Enige persoon wat kapitaal, kennis, en bestuursvaardighede het kan sy eie onderneming begin.
- Die eienaar alleenlik is verantwoordelik vir die risiko en kry al die wins.
- 'n Noue verhouding kan ontwikkel tussen die eienaar en sy klante; die alleeneienaar neem al die besluite en hanteer al die aktiwiteite van die besigheid.
- Die alleeneienaar is aanspreeklik vir die skulde van die besigheid.
- Die eienaar het onbeperkte aanspreeklikheid.
- Die besigheid het geen regspersoonlikheid nie.
- Wanneer die eienaar van die besigheid sterf, hou die besigheid op om te bestaan; die besigheid het dus 'n gebrek aan kontinuïteit.
- Dokters, tandartse en mense wat persoonlike dienste aanbied bedryf dikwels hul eie besigheid. (Enige 5 × 1) (5)

4.2.2
- Persoonlike kennis van die klant help die eienaar om beter diens aan die klante te lewer.
- Die eienaar ontvang die wins en streef daarna om diens van hoë gehalte te lewer.
- Persoonlike toesig voorkom vermorsing.
- Die entrepreneurskap van die eienaar word ontwikkel en uitgebrei.
- Daar is min formaliteite betrokke by die stigting van die besigheid.
- Dit verminder misverstand in die onderneming.
- Die eienaar alleenlik is in beheer en verantwoordelik.
- Dit kan maklik ontbind word.
- Min regeringsbeheer. (Enige 5 × 1)

Alternatiewe/addisionele respons vir 4.2.2 (Handboek)

4.2.2
- Dit kan met min formaliteite gestig word.
- Slegs 'n lisensie moet verkry word voordat die besigheid kan begin.
- Dit kan net so maklik beëindig word.
- Kredietwaardigheid is dikwels hoog.
- Eienaar neem self al die besluite.
- Eienaar het die alleenreg op al die wins.
- Hy kan optree sonder inmenging van buite sy onderneming af. (Enige 5 × 1) (5)

4.3 Wetenskaplike bestuur kom voor wanneer die hoogste moontlike produktiwiteit verkry word deur aan elke werker✓ 'n spesifieke taak te delegeer wat op 'n spesiale manier teen 'n definitiewe tyd uitgevoer moet word.✓ (2)
[20]

VRAAG 5

5.1
- Toon opregte belangstelling in ander mense en wys die belangstelling openlik.
- Onthou die nuttelоosheid van argumenteer.
- Moenie beloftes maak wat nie nagekom kan word nie.
- Vermy direkte kritiek waar moontlik.
- Bied altyd aan 'n ondergeskikte die geleentheid om te praat.
- Wees altyd hoflik, byvoorbeeld deur goeienag en goeiemôre te sê; onthou daar is iets soos 'n reputasie.
- Moenie probeer om jouself te bluf uit 'n situasie waar jy verkeerd was – erken jou fout. (Enige 6 × 1) (6)

5.2 Produktiwiteit word omskryf as die verhouding van uitset tot inset✓ of die verhouding van produksie tot hulpbronne.✓ (1 × 2) (2)

5.3
- Dit moet 'n geskrewe ooreenkoms wees.
- Die koper moet die ooreenkoms teken.
- Die kontantprys sowel as die paaimente en paaiementdatums moet gestipuleer word.
- Deposito is volgens wetgewing.
- Die verkoper mag die item in besit neem as die koper nie die paaiemente betaal nie.
- Die verkoper bly verantwoordelik vir latente defekte.
- Die koper mag vooruitbetalings doen en afslag kry.
- Die koper mag nie die artikel verkoop voor dit betaal is nie.
- Die minister van ekonomiese sake mag sekere goedere van die wet uitsluit, en bepaal die maksimum termyn vir betalings.
- Die verkoper mag nie kontant leen aan die koper nie. (Enige 9 × 1) (9)

[17]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou